Presidentsverkenner en hoofleierswag toekennings

Voortrekkermonument

22 Augustus 2009

Presidentsverkenners en hoofleierswagte, draers van hoop

Die Voortrekkers is gebore in 'n historiese tyd vir die Afrikaner. Dit was 'n swaarkry tyd midde die depressie jare. Dit was 'n onsekere tyd met baie politieke woelinge. Dit was egter ook 'n opstaantyd. Die dertiger jare was die tyd toe die meeste kreatiewe energie onder Afrikaners losgekom het. Dit was 'n selfdoentyd. Afrikaners het na die krisis van die Tweede Vryheidsoorlog, die groot griep, die droogte en depressie besluit om uit eie energie op te staan. Die Voortrekkers was deel van hierdie opstaantyd, die organisasie was ‘n draer van hoop.

Ek wil vanaand praat oor hoop. Afrikaners is weer in ‘n onsekere tyd. Duisende het hoop verloor en die land verlaat en nog meer het hoop verloor en leef net vir die oorlewing van die self.

Ek wil vanaand vyf vaste punte van hoop gee en enkele opmerkings maak oor die Voortrekkers, presidentsverkenners en hoofleierswagte.

Kom ons kyk eers na die vyf vaste punte van hoop:

1) Hoop is vertoue en krag

Christelike hoop is ‘n vaste vertroue, ‘n afwagting op iets wat reeds gebeur het – dit is waar en seker.

Nie-christelike hoop is bloot ‘n wens. Soos seker as wat ons deur Christus gered is, so seker is ons hoop.

Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Romeine 8:24-25

Wag op die Here Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker. Psalm 130:6-7

Hoop gee ook standvastigheid. In onsekere tye het ons vastepunte nodig. Hoop gee so vastepunt, want jy weet God doen wat Hy beloof het. Daar kan dus baie dinge rondom jou skeefloop, maar jou hoop op God is vas.

Laat ons stewig vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat hy beloof het. Hebreërs 10:23.

Dit is die Here wat sorg vir die wat hom eer, vir die wat op Sy mag vertrou om hulle van die dood te red. Psalm 33:18-22

Hoop gee ook krag.

Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat hy uitgeoefen het toe hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regerhand laat sit het. Efesiërs 1:18-21

Watter groter troos is daar nie as dat die krag wat God in ons uitoefen dieselfde krag is as wat Hy gebruik het om Christus uit die dood op te wek nie. Hoe kan ons dan nog moedeloos word?

Ons moet nie ongeduldig raak oor die sekerheid van hoop nie. Hoop vra geduld. Omdat ons weet wat die uitkoms is en omdat ons weet die oorwinning is reeds behaal, kan ons geduldig wag. In die geduld mag ons swaarky, maar die swaarkry kweek geloof en die geloof kweek hoop.

Die Here is my lewe, daarom hoop ek op hom. Die Here is goed vir wie op hom bly hoop, vir die mens wat na Sy wil vra; dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here. Klaagliedere 3:21-33

2) Roeping gee hoop

Ons moet elke dag soek na ons roeping. In ons roeping vind ons hoop. God gee nie net aan ons ’n roeping nie, hy gee aan ons ook ‘n toekomsbelofte daar waar hy jy roep.

Indien hy jou geroep het vir ‘n spesifieke werk, sal hy jou seën. Jy moet bid vir seën, maar ook werk vir jou seën.

Indien hy jou in Suid-Afrika geroep het, gee hy ook aan jou ‘n toekomsbelofte hier. Ons durf nie God se toekomsbelofte minag nie.

God het nie onttrek uit Suid-Afrika nie, op watter gesag kan jy dit doen? Dit het nie net te doen met fisiese emigrasie nie, maar ook ontrekking aan aktiwiteite van die dag.

Ek bid dat hy julle geestesoë so sal verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat hy uitoefen in ons wat glo. Efesiërs 1:18-21

3) Hoop is vir mekaar

In hierdie moeilike tye word ons getoets aan mekaar. God se opdrag is nie dat elkeen sy eie heil moet uitwerk nie. Ons moet uitreik na mekaar.

> *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Hebreërs 10:24*

Elkeen word geroep om mekaar in liefde te dien. Gal.5:13.

Ons is egter nie op ons eie nie, die Heilige Gees gee ons die krag vir ons mekaar diens

> Want God het die liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons Gees. Romeine.5:5

Om Geesvervuld te wees moet jy ook Woordvervuld wees

> Die Woord van God is die swaard van die Gees. Effesiërs 6:17

Uit die diens aan mekaar kry ons troos. Mag julle in al die goeie wat julle in die woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en ons deur Sy genade 'n blywende troos en hoop gegee. 2 Tessalonisense 2:16-17

4) Hoop gee vreugde

Hoe meer vervul ons raak met die Heilige Gees, hoe meer vreugde en vrede het ons, hoe sterker raak ons geloof en hoe groter ons dankbaarheid vir die hoop in ons verlossing. Hoop het 'n sneeubal effek en die effek is meer en meer vreugde in Christus.

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle *hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! Romeine 5:13*

Selfs uit swaarkry kry ons vreugde, want swaarkry kweek geloof. Ons moet dus nie moedeloos raak in ons swaarkry nie, maar eerder met volharding die wedloop voltooi.

Ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie. Romeine 5:2-5

5) Ons geskiedenis gee hoop

Jy moet jou storie soek. In jou storie is hoop. Die feit dat jy is, gee hoop want dit wys op God se bewarende hand oor jou verbondslyn oor eeue heen.

Daar is letterlik honderde familielyne oor die jare heen wat bewaar moes word vir jou om hier te wees. Die feit dat God al hierdie familielyne bewaar het is nie toevallig nie. Aan elkeen van ons word 'n taak, of roeping, opgelê.

Dit is hoekom mens soveel erns van roeping moet maak. God se bewaring van ons familielyne is ook 'n bewaring van jou. Hy het oor honderde jare ingegryp sodat jy

gebore kan word en sodat jy jou taak op die aarde kan vervul. Dit is hoe belangrik God jou taak sien, jy moet dit soek, opneem en uitvoer.

God het ons oor soveel geslagte bewaar dat dit sonde is om nie in sy toekomsbelofte te glo nie. Daarin het ons ook vertroue in onsekere tye in Suid-Afrika. Uit ons geskiedenis kan ons ook die bewarende hand van God vir die toekoms sien.

Ek draai nou my gesig na die Voortrekkers as beweging:

1. Julle roeping en relevansie het groter geword, nie kleiner nie. Pak julle roeping met selfvertroue aan, dit is opdrag van die Here.
2. Leer die kinder van die sekerheid van hoop. Moenie toelaat dat kinders hulle hoop verloor nie. Bemagtig hulle uit die Woord, want die Woord is die swaard van die Gees en die Gees gee hoop.
3. Help die kinders om hulle roepings te vind en bemagtig hulle om dit uit te leef.
4. Help die senior verkenners met beroepsleiding en bou ‘n reuse Voortrekker beursfonds uit.
5. Gee aan die kinders selfvertroue om demokratiese ruimtes in Suid-Afrika oop te kap. Leer vir senior verkenners
6. Leer die Voortrekkers hulle mag maar aan hulle eie kant ook wees.
7. Leer die kinders hulle geskiedenis. Geskiedenis vorm jou, dit rig jou, dit plaas jou in ’n konteks, dit help om selfbeeld te vorm, dit dra waardes en idees oor en dit skep kontinuïteit.
8. As geskiedenis se kontinuïteit verbreek word skep dit ‘n geslag wat die diepte van eeue se ontwikkeling van waardestelsels en idees verloor het.
9. Moenie kinders hulle Afrikaner identiteit ontneem nie, jy ontneem hulle van hulle sekerheid.
10. Geskiedenis moet reg oorgedra word en nie onnodig geromantiseer word deur die draers van die geskiedenis nie, maar ander se geskiedenis moet ook nie gekriminaliseer word deur die oorwinnaars nie.

Laastens draai ek my gesig na die Presidentsverkenners en die Hoofleierswagte:

1. Wees draers van hoop. Julle is gekies en toegerus om hoop in die gemeenskap uit te dra.
2. Soek julle roeping op en vind God se toekomsbelofte daarin.

3. Moenie emigreer as dit nie julle roeping is nie, ‘n mense vlug nie van roeping af nie
4. Neem julle leierskap en bring sekerheid vir mede-Afrikaner jongmense.
5. Julle moenie dink julle toekennings vanaand is die einde van harde werk nie, dit is die begin van ‘n opdrag.
6. Jy word nie vandag gekroon as koning nie, maar gekroon tot diens.
7. Gaan uit en gaan lewer hierdie diens aan die gemeenskap.
8. Gebruik jou leierskap en gaan eis demokratiese ruimtes op. Jy is nie ‘n onderdaan van die staat nie, maar ‘n demokraat wat jou regte, namens jou gemeenskap, in diens van jou roeping, mag opeis
9. Gaan soek jou eie storie, in jou verbondslyn lê daar hoop.
10. Jy mag maar trots wees op die Afrikaner se geskiedenis, ons het ‘n storie van swaarkry, aanhou, moed hou, foute maak, geloof en hoop.

Sterkte presidentsverkenners en hoofleierswagte, ons is trots op julle en bid vir julle sterkte toe op die pad wat vanaand begin.